

Enkele Oosterse woorde in Afrikaans

Helena Liebenberg

Soos dit algemene talegebruik is, het Afrikaans wat uit 17e-eeuse Nederlands ontwikkel het, ook meegedoen aan ontlening waar daar 'n nuttige woord met passende betekenis in 'n bepaalde behoefte kon voorsien. Vanweë die noue verbintenis met Oosterse lande tydens die VOC-tydperk het ondermeer die volgende woorde met Maleis, Maleis-Javaans of Maleis-Portugees as herkomstaal, Afrikaans binnegekom: *aia*, *amok*, *amper*, *baadjie*, *baba*, *baklei*, *gekko*, *ghantang*, *ghoem*, *ghoema*, *ghoen*, *ghoeroe*, *kapok*, *katel*, *katjeepering*, *kramat*, *maai*, *maaifoedie*, *moesoek*, *moses*, *nonna*, *nooi*, *orangoetang*, *paaie*, *panga*, *pê*, *pondok*, *sambok*, *sambreel*, *tamaai* en *toering*. Al hierdie woorde, asook dié wat verder in die artikel bespreek word, is opgeneem in die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* waar hulle 'n klein dog heel interessante groep vorm.

Die volgende is voorbeelde van Oosterse leengoed wat letterlik die smaak- en reuksintuig prikkel: *agar*, *agar-agar*, *atjar*, *blatjang*, *bobotie*, *borrie*, *froetang*, *piesang*, *sago*, *sambal* en *sosatie* vir die proe, en *akkerwanie* vir die ruik. Etlike van hierdie woorde kom ook as gelyste invoergoedere voor in die waardevolle VOC-dokumente wat in die Kaapse Argiefbewaarplek berus, naamlik die *Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop (1651–1795)* (afgekort: RvdPR). Hierdie volledig getranskribeerde C-reeks wat 'n onderdeel van die wêreldwye Nederland-geïnisieerde en -gefinansierde TANAP-program vorm, kan op die Internet by <http://www.tanap.net> besoek word.

Etimologieë

agar s.nw.

Jellieagtige produk van seewiere gemaak en wat gelatine vervang.
Verkorting van *agar-agar* of uit Maleis *agar*.

agar-agar s.nw.

Agar.

Uit Ndl. *agar-agar* (1765) 'tropiese seewier, plantaardige gelatine' of direk uit Maleis *agar agar*, ook verkort tot *agar*.

Ndl. *agar-agar* uit Maleis *agar agar*.

akkerwanie s.nw. Ook *akkelwanie* en *akkewanie*.

1. O.Ind. grassoort waarvan die geurige wortel tussen klere gesit word om insekte uit te hou. 2. Grasagtige S.A. plantsoort waarvan die skerpriekende wortel tussen klere gesit word om insekte uit te hou.

Vervorm uit Maleis *akarwangi*, 'n samestelling van *akar* 'wortel' en *wangi* 'welriekend'. Die woord in bet. 1 bereik die Kaap deur VOC-tuisvaarders en slawe uit O.Indië. Bet. 2 het in vroeë Afr. ontwikkel, so genoem omdat die plaaslike plant se wortel en die doel waarvoor dit gebruik word, aan dié van die Oosterse plant herinner het. Eerste optekening in Afr. by Mansvelt (1884) in die vorm *akke(r)wani*.

Vanuit Maleis in S.A.Eng. in die vorm *akarwanie* (1856).

atjar s.nw.

Mengsel van fynge snyde vrugte en groente in 'n asynspeserymengsel gepreserveer. Uit Ndl. *atjar* (1617 in die vorm *atchaer*) 'groente en vrugte in asyn ingelê, as bygereg' of Maleis *achar*, *acar* 'gekruide suurtjie, voorgereg'. Eerste optekening in vroeë Afr. in 1694 in die vorm *achaar* (Scholtz 1972), waarna in Afr. by Changuion (1844).

Ndl. *atjar* uit Maleis *achar*, *acar* uit Persies *achar* 'suurtjie'.

Vanuit vroeë Afr. in S.A.Eng. (1798).

Opmerking: "4 potjes atchias" (RvdPR, C. 212: 25.1.1793)

blatjang s.nw.

Suursoet, gekookte kruiesous.

Uit Ndl. *blatchang* (1806) of mntl. direk uit Maleis *b(e)lanchan*. Eerste optekening in Afr. by Pannevis (1880) in die vorm *bladjang*.

Vanuit Afr. in S.A.Eng. (1890).

bobotie s.nw.

Gereg van gemaalde vleis wat o.a. kerrie, brood, eiers en uie bevat.

Wsk. uit Maleis *boemboe* 'kerriespeserye en kruie, maar dit hou mntl. ook verband met die Maleise ww. wat hiervan afgelei is, nl. *boeboe* 'sout'. Eerste optekening in vroeë Afr. op 11 Maart 1752 in die samestelling *bobotiekedel* (Scholtz 1972: 115), waarna in Afr. by Pannevis (1880).

Eng. *bobotie* (1870). Vanuit Afr. in S.A.Eng. (1870).

borrie s.nw.

Geel kruiepoeier berei uit die wortel van 'n Indiese plant.

Uit Maleis *boreh*. Eerste optekening in vroeë Afr. in 1685, o.a. in die vorme *borry*, *borry*, *boraij*, *borborry* (Boshoff – Nienaber 1967: 180), waarna in Afr. by Pannevis (1880).

Vanuit vroeë Afr. in S.A.Eng. (1798).



Borrieplant

froetang s.nw.

Saadvrug van verskeie soorte plante wat 'n gewilde veldkos by kinders is.

Wsk. via Maleis-Port. *fruta* uit Port. *fructa* 'vrug, vol, knop'. Volgens Boshoff – Nienaber (1967) teen 1ste kwart van 19de eeu nog *fruta*. Eerste optekening in Afr. by Pannevis (1880) in die afleiding *frutangs* 'groene eetbare besjes van een klein in 'n wild groeiend, plantje'.

Vanuit Afr. in S.A.Eng. in die vorme *frutang* (1913) en *fritongs* (1904).

piesang s.nw.

Smaaklike tropiese vrug.

Uit koloniale Ndl. *pisang* (1596).

Ndl. *pisang* is in die Ooste aan Maleis *pisang* ontleen en kom o.a. in reisjoernale, ook by Van Riebeeck (1651 – 1662) voor.

Vanuit vroeë Afr. in S.A.Eng. (1786).

Opmerking: "10 pisangh" (RvdPR, C. 2: 18.7.1661)



Tros piesangs ("bananas")

sago s.nw.

Kos in die vorm van korreltjies wat uit die murg van sekere palmsoorte asook van aartappels gemaak word.

Direk uit Maleis *sago* of via Ndl. *sago* (1676). Eerste optekening in Afr. by Leibbrandt (1882) in die vorme *sagu* en *saaguu*.

D. *Sago* (18de eeu), Eng. *sago* (1580), Fr. *sagou*.

Opmerking: "sago" (RvdPR, C. 142: 15.5.1764)

sambal s.nw.

Gerasperde kwepers met sout en asyn berei en as slaai genuttig.

Uit Maleis *sambal* 'toespys by rys, slaai'.

Eerste optekening in Afr. by Pannevis (1880).

Maleis *sambal* kom ook voor in D. *Sambal*, Ndl. *sambal* (1827), S.A.Eng. *sambal* (1815).

sosatie s.nw.

Gekruide of gegeurde vleisstukkies wat op 'n stokkie geryg is en gebraai kan word, soms saam met uie, droë vrugte en vet.

Wsk. uit Ind.-Ndl. *sateh* of Maleis-Javaans *sesateh*, *sateh*, *satai* of minder wsk. uit Tamil *satai* 'vleis' of mntl. volgens Mansvelt (1884), uit Maleis *soesatoe* 'mengelmoes'. Eerste optekeninge in Afr. by Pannevir (1880) in die vorm *sassati* en by Mansvelt (1884) in die vorm *soesáti*. *Sosatie* is mntl. deur Maleise kokke in S.A. in gebruik gebring.

Vanuit vroeë Afr. in S.A.Eng. (1833).



Kerriesosaties

Wanneer al hierdie vrugte, kos en smaakmiddels in bottels en sakke verpak was en van die handelaar na die kantien of herberg aan die Kaap geneem moes word, het dit sekerlik vir die draer daarvan naderhand gevoel hoe langer die pad, hoe swaarder die vrag! Met moeite, dog met slaafse diensbaarheid is die houers *aangepiekel* na die regte bestemming:

aanpiekel ww.

1. Met moeite iets na 'n ander plek bring. 2. Aansukkel.

Samestelling van *aan* 'voortgaan' en *piekel*, met lg. uit Ndl. *piekelen*, die vernederlandste vorm van *pikolen* 'aan 'n drastok oor die skouer dra en vervoer'. Volgens Leibbrandt (1882) beteken Kaapse Maleis *pikul* 'dra, veral 'n las op die skouers' en 'n gewig van 125 Hollandse pond weeg'. Eerste optekeninge in Afr. by Pannevis (1880) in die vorm *anpiekel* en by Du Toit (1908) in die vorm *anpikel*, albei met die bet. 'met moeite aandra'. In Afr. het daar dus 'n eie bet. ontwikkel.

Ndl. *pikolen*, meestal vernederlands tot *piekelen*, *pikelen* (1852) uit Maleis-Javaans *pikol*, *pikoel* 'dra', in Indië 'aan 'n drastok oor die skouer dra en vervoer'. Die s.nw. *pikol* uit Maleis-Javaans *pikol*, *pikoel* 'een mansvrag, soveel as wat aan 'n drastok (*pikolan*) aan beide kante van 'n juk deur een man gedra kan word' uit ww. *pikol*, 'oor die skouers dra'. Die *pikol* is ook 'n handelsgewig (tans 125 Amsterdamse pond) en maat in O.Indië en O.Asië.

Opmerking: "picol" (RvdPR, C. 1: 19.2.1658)



Met 'n pikol oor die skouer op Oos-Java
(rumahkita info)

Met hierdie vooraf geswoeg van aandra en voorbereiding het die tafelgaste natuurlik geen saak gehad nie, solank hulle maar net heerlik kon smul aan al die smaaklik voorbereide disse. Selfs tydens so 'n besonder Oosters-gegeurde maaltyd is gebruik gemaak van gewone Kaapse eetgerei, waaronder *koppies* en *pierings*. Laasgenoemde is benaming en al reëlreg van die Ooste na die Kaap verskeep, uit die kratte vol porseleinware gelig, skoongemaak en op tafel gebruik.

piering s.nw.

Vlak, ronde houer waarin 'n koppie geplaas word.

Uit koloniale Ndl. *piering* (1670). Ndl. *piering* is ontleen aan Maleis *pi(e)ring* 'bord, houer'. Vir Scholtz (1972: 156) staan dit vas dat in vroeë Afr. *piering* nie uit of onder invloed van die slawetaal nie, maar direk uit die 17de-eeuse Indies-Ndl. handelstaal gekom het. Koppies, pierings en die teedrinkgewoonte het direk uit die Ooste, en nie via Nederland, na die Kaap gekom. *Piering* is as nuwe naam vir 'n vroeëre onbekende artikel aan die Kaap ingevoer, en het nie Ndl. *schotel* 'piering', waarvan die oudste sitaat in die WNT in dié betekenis eers uit 1720 dateer, verdring nie. Aan die Kaap kon kontak met die slawe die verbreidheid van die woord bestendig het, terwyl dit in Ndl. in hierdie betekenis onbekend is, en daarom deur Changuion (1844), Pannevis (1880), Leibbrandt (1882) en Mansvelt (1884) vermeld word.

Opmerking: "7 pierings" (RvdPR, C. 24: 30.11.1702)



*Koppie en ptering met VOC-monogram
(British Museum-webblad)*

Hierdie koppie en ptering is afkomstig uit Jingdezhen, Jiangxi-provinsie, Suid-China. Dit is vervaardig tydens die Qing-dinastie, ongeveer 1729-30 n.C. Die porselein is in opdrag vir die VOC gemaak. Die ontwerp bestaan uit 'n gekroonde wapen ondersteun deur twee gekroonde leus met daaronder die monogram VOC. Die wapen en leuse behoort aan die Nederlandse Republiek. Die VOC-monogram is dié van die Vereenigde Oostindische Compagnie, wat geweldig belangrik was vir Oosterse handel met Europa in hierdie tydperk. Buite om die ontwerp is die datum 1728 en die Latynse leuse: *CONCORDIA RES PARVAE CRESCUNT* ('Klein dingetjies word groot deur eendrag'). Hierdie stukke is goeie voorbeelde van die fynporselein wat versier is met die helder kleure van die *famille rose*-palet.

Na die hele dag se gewoel en gewerskaf was 'n *ghoemaliedjie* dalk net die regte *doepa* om die vermoeiende gepiekel mee weg te sing:

ghoemaliedjie s.nw.

Piekniedjie met eenvoudige melodie en dikwils onverstaanbare woorde wat deur die Kaapse Maleiers gesing word.

Samestelling van *ghoema* en *liedjie*, of minder wsk., volgens Boshoff – Nienaber (1967), 'n afleiding van Javaans *gamelan(g)* 'oosterse musiekinstrument'. Die liedjie word wsk. so genoem omdat die instrumente wat gebruik word om dit te begelei skertsend ghoemas genoem word.

Vanuit Afr. in S.A.Eng. in die vorm *ghommaliedjie* (1934).

ghoema s.nw. (*skertsend*) Ook *ghomma*.

Enigeen van 'n paar musiekinstrumente, veral die kitaar.

Wsk. uit gewestelike Maleis *ghoema* 'ghong' of minder wsk. volgens die WAT uit San. Volgens Silva (1996) het die Javane *ghom* vir 'n ghong gebruik wanneer hulle Ndl. gepraat het.

Vanuit Afr. in S.A.Eng. (1934).

doepa s.nw.

1. Maleise reukwerk. 2. Toormiddel, liefdesdrank. 3. (*geselstaal*) Middel wat mens en dier ongunstig beïnvloed.

Direk uit Maleis *doepa*, *dupa* ‘wierook’ of via 17e-eeuse Ndl. uit Maleis. Eerste optekening in Afr. by Pannevis (1880).

Vanuit Afr. in S.A.Eng. (1857).

Slotgedagte

Wat ’n interessante toer deur die lysie Oosterse woorde! ’n Mens word begelei langs individuele geskiedenisroetes, met as vertrekpunt die woorde se aanvanklike betekenis en vorm, die verskillende invloede wat ’n uitwerking op die ontwikkeling gehad het, tot hoe hulle tans klink en wat die huidige betekenis is.

In ’n positiewe sin is dit inderdaad ‘doepa by die woordwerk’.

Bron

Van Wyk, G.J. en A.E. Cloete, A. Jordaan, H.C. Liebenberg, H.J. Lubbe. 2003.

Etimologiewoordeboek van Afrikaans. Stellenbosch: Buro van die WAT. E-posadres: WAT@sun.ac.za